

Die Hoogste Vorm *van* Rus



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Op. 1:9-19, Matt. 24:4-8 en verse 23-31, Op. 14:6-12, Heb. 11:13-16 en Fil. 4:4-6.*

Geheeteks: “Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekrom het nie – dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet” (1 Kor. 2:9, NLV).

Voel dit vir jou soms asof jy in ’n titaniese stryd – tussen goed en kwaad – gewikkel is? Baie mense, selfs ongelowiges, beleef die wêreld so. ’n Mens voel so omdat dit, op die keper beskou, wel die geval is. Ons bevind ons in ’n groot stryd tussen goed en kwaad, tussen Christus (die goeie) en Satan (die kwaad).

Die lewe speel dis op twee vlakke af. Daar is die groot stryd tussen Christus en Satan op wêreldvlak – ’n mens kan selfs sê op ’n kosmiese skaal, want dit het immers in die hemel begin (*Op. 12:7*). Te midde van die chaos is dit maklik om die geheelbeeld – God se ontsnappingsplan vir hierdie wêreld – uit die oog te verloor. Soms hou oorloë, politieke onrus en natuurrampe ’n mens in die wurggreep van konstante vrees. Gelukkig kan die profetiese leiding wat God gee ’n mens help om altyd sy plan vir hierdie planeet – ons bestemming en hoe om daar uit te kom – voor oë te hou.

Die groot stryd speel hom ook op ’n persoonlike vlak af. Elkeen van ons se geloof word daaglik getoets. Wat meer is, as ons nie leef tot die wederkoms toe nie, sal ons boonop te sterwe kom. Vandeeweek bekyk ons die volgende: hoe om, te midde van globale onrus op sosiale vlak, en onsekerheid oor die toekoms op persoonlike vlak – rus in Christus te vind. Natuurlik is daardie onsekerheid net in dié lewe, want wanneer dit by die ewige lewe kom, lyk dinge aansienlik meer rooskleurig!

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 25e September.*

'n Blik op die Einde

Die oudste oorlewende dissipel wat deel van Jesus se span was, sit op 'n rotsagtige eilandtronk, vêr van alles en almal wat vir hom kosbaar is. Wat het deur Johannes se kop gegaan daar op die verlate eiland? Hoe het hy daar beland en boonop in die situasie waarin hy hom toe bevind het? Hy het immers Jesus destyds sien opvaar, met die twee engele wat skielik daar gestaan en vir hulle gesê het: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het” (*Hand. 1:11, NAB*).

Dit was reeds jare gelede, en steeds geen teken van Jesus nie. Intussen is die ander apostels wat Jesus sien opvaar het, reeds oorlede, met meerderheid wat 'n martelaarsdood vir hul getuienis oor Jesus gesterwe het. 'n Nuwe geslag het nou oorgeneem in die nuutgevonde kerk. Dié het nou die verskriklikste vervolgings van buite beleef, asook dwaalleraars met eienaardige idees in eie geleedere. Johannes het waarskynlik alleen, afgemat en rusteloos gevoel. Toe, op 'n dag, ontvang hy 'n visioen.

Watter vertroosting dink jy het hierdie visioen aan Johannes gebring? Lees **Openbaring 1:9-19**.

Jesus het aan sy volgelinge gesê: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (*Matt. 28:20, OAB*). Dit was waarskynlik besonder vertroostend gegewe Johannes se eensame bannelingsbestaan. Seer seker was hierdie visioen, hierdie “openbaring” van Jesus, geweldig bemoedigend vir hom. Nou sien hy Jesus, “die Alfa en die Omega, die begin en die einde” (*OAB*), wat Homself op 'n spesiale wyse aan hom, 'n verbande apostel, openbaar. Dit is iets wat Johannes hier op sal kan deurdra.

Na hierdie inleidende verse volg visioene aangaande wêreldgebeure. Johannes kry 'n asemrowende arends-blik op 'n reeks gebeure. Vanuit sy perspektief moes daardie dinge nog gebeur, maar vir ons is dit 'n oorsig van die geskiedenis van die Christelike kerk. Te midde van die beproewinge en verdrukkings wat nog vir die kerk voorgelê het, sien Johannes egter ook hoe dit alles eindig. “En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is” (*Op. 21:1 en 2, OAB*).

Die groot apokaliptiese visioen wat Johannes in Openbaring opgeteken het, het hom gehelp om met geloofsekerheid in God se voorsienigheid en beloftes te rus.

Die teenswoordige lewe is soms moeilik, en bring met tye vrees. Die wete dat die toekoms aan God bekend is en dat die wêreldgeskiedenis op die langtermyn ten goede sal uitwerk – hoe bring dit vertroosting aan die gelowige?

Die Groot Aftel

Op die Olyfberg skets Jesus die wêreldgeskiedenis in breë trekke, in antwoord op sy dissipels se vraag: “Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?” (*Matt. 24:3, NAB*).

Die bergprediking wat in Matteus 24 opgeteken is, dek die onafgebroke, historiese tydlyn vanaf Jesus se tyd tot by die wederkoms en ook daarna.

Jesus wou aan sy kinders in elke eeu ’n vereenvoudigde weergawe van sy tydlyn vir eindtydprofesie gee, sodat diegene wat in die eindtyd lewe gereed vir die grootste gebeurtenis in *menseheugenis* kan wees. Hy wou hê dat ons met geloofsekerheid in sy liefde moet rus, selfs wanneer alles om ons heen in duie stort.

Adventiste is vertrouwd met Daniël wat praat van “’n tyd van benoudheid (*OAB*)... so swaar soos dit nog nooit was vandat daar nasies is nie (*NAB*)” (*hfst. 12:1*). Met hierdie openbaring aan Johannes wou Jesus hê dat ons vir die tyd van benoudheid gereed moet wees, die gebeurtenis wat sy wederkoms voorafgaan.

Hoe gaan die wederkoms wees? Hoe kan ’n mens teen misleiding waak? Lees **Matteus 24:4-8, asook verse 23-31.**

Jesus se wederkoms gaan ’n letterlike gebeurtenis aan die einde van tyd wees. Inaggenome al die plek wat aan die wederkoms van Jesus in bybelprofesie afgestaan word – selfs in sy preke – *is dit duidelik ’n allerbelangrike gebeurtenis.*

Die laaste keer toe daar ’n kritieke, wêreldwye gebeurtenis op aarde was, was slegs agt persone gereed daarvoor. Jesus vergelyk die onverwagsheid van sy wederkoms met daardie gebeurtenis – die sondvloed (*Matt. 24:37-39*). Hoewel niemand die dag, datum of tyd van die wederkoms ken nie (*Matt. 24:36*), gee die Here ons ’n profetiese aftelprogram om te sien hoe die vermelde gebeure in die wêreld ontvou.

Ons het ’n rol te speel in hierdie ontvouende profetiese drama. Wat is dit? Let op **Matteus 24:9-14.**

In hierdie kosmiese konflik is ons meer as net toeskouers. Ons moet aktief deelneem aan die verkondiging van die evangelie tot in die uithoeke van die wêreld, wat beteken dat ons ook vervolging in die gesig sal stuur.

Wat beteken dit om “tot die einde [te] volhard” (*NAB*)? Hoe doen ’n mens dit? Wat moet ’n mens elke dag kies, ten einde nie afvallig te raak nie, soos baie reeds gedoen het en ook nog sal doen?

Die Bevel om Uit te Gaan

Om die wêreldgeskiedenis deur die verhewe, profetiese bril te sien, beteken nie dat 'n mens net agteroor sit en kyk hoe die eindtydgebeure ontvou nie, gebeure wat inderdaad buite ons beheer is. Al te dikwels redeneer mense soos volg: “Wel, die voorspelde eindtydgebeure sal inderdaad gebeur, so wat kan ek nou daaraan doen? Ek moet dit bloot volg en so aanvaar. Wat staan my, as 'n individu, in elk geval te doen?”

Dit is egter nie die houding wat die Christen teenoor sy/haar medemens behoort te hê nie, en veral nie teenoor eindtydgebeure nie. Openbaring 14 sê vir ons wat ons doel op dié tydstip in die wêreldgeskiedenis is: om ander van God se oordeel te vertel, en om ons medemens te help om hulle op die wederkoms van Jesus voor te berei.

Lees Openbaring 14:6-12. Wat leer ons hier? Wat is ons veronderstel om aan die mensdom te verkondig? Hoekom is hierdie boodskap so dringend?

As Adventiste glo ons dat die “waarheid wat by ons is” – oftewel “die teenswoordige waarheid” n.a.v. die Engelse “present truth” (2 Pet. 1:12) – veral in hierdie verse te vinde is, in die gedeelte wat die “Drie-engeleboodskap” genoem word. Dít is ons roeping op hierdie tydstip in die aarde se geskiedenis, in 'n neutedop.

Let op die vetrekpunt hier – die “ewige evangelie” – die blye boodskap oor Christus se dood en opstanding, die enigste grondslag van ons verlossingshoop. Dan is daar ook die nuus dat “die uur van sy oordeel gekom het” (Op. 14:7, OAB), 'n kragtige baken wat op die eindtyd wys. Voorts kom die oproep om die een te aanbid “wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (OAB). Dit is in skrilte kontras met die angswekkende waarskuwing oor diegene wat in Babilon gebly het en dus “die dier en sy beeld” (OAB) aanbid. Dan gee dit ook 'n beskrywing van God se getroue eindtydkinders: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die geboorte van God en die geloof in Jesus bewaar” (OAB).

Lees Openbaring 14:11. Wat sê dit aangaande die gebrek aan rus wat diegene wat die dier en sy beeld aanbid, ervaar?

Geen rus, dag of nag, vir diegene wat die dier en sy beeld aanbid nie? Hoewel daar verskeie interpretasies vir hierdie sinsnede is, is almal dit eens dat hierdie mense nie die soort rus ervaar wat die Here aan sy getroue kinders bied nie.

Hoekom dink jy vorm “die ewige evangelie” die eerste deel van die Drie-engeleboodskap? Hoekom moet ons altyd hierdie wonderbare waarheid voor oë terwyl ons dit aan die wêreld verkondig? Hoekom is 'n deeglike begrip van die evangelie van kardinale belang vir dié innerlike rus wat ons so begeer?

Rus in Vrede

Reeds eeue lank wag Christene op die wederkoms van Jesus. Dit is gewis die hoogtepunt van alles waarna ons as gelowiges uitsien. Tog is dit nie net ons wat daardie hoop koester nie, dit was ook die groot hoop wat al God se getroue kinders deur die geskiedenis heen gekoester het.

Lees Hebreërs 11:13-16. **Watter groot belofte het die gelowige – en nie net die mense van ouds nie, maar ook die moderne gelowige?**

Hierdie verse maak, in vele opsigte, glad nie sin as die algemeen-aanvaarde en gewilde siening oor die dood korrek is nie. Wat bedoel dit met die sinsnede wat sê dat hierdie mense oorlede is “sonder om te verkry wat belof is?” Hulle is immers dood, maar na bewering in die hemel by Jesus waar hulle hul ewige beloning uitleef. Toe Billy Graham byvoorbeeld oorlede is, moes ons gedurigdeur hoor hoedat hy nou in die hemel by Jesus is.

Dit is half ironies ook, want saam met dié siening kom ’n uitdrukking wat ’n mens dikwels by begrafnisse hoor: “Mag hy/sy nou in vrede rus.” Wat beteken dit nou eintlik? Dat diesulkes werklik in vrede rus? Of dat hulle in die hemel is, besig met die dinge wat hulle veronderstel is om te doen – soos om al die “pret” hieronder te aanskou?

Hoe beskryf Jesus die dood? **Lees** Johannes 11:11.

Hierdie “rus in vrede” dui in werklikheid op die ware toestand van die dooies, nie waar nie? Dat hulle inderdaad in die graf rus. “Vir die gelowige is die dood nie so ’n ernstige saak nie. Christus verwys daarna asof dit slegs ’n vlietende oomblik is. ‘As iemand my woord bewaar, sal hy [of sy] die dood in der ewigheid nie sien nie,’ daardie persoon ‘sal die dood in der ewigheid nie smaak nie’ (*Joh. 8:51 en 52, OAB*). Vir die Christen is die dood net ’n slaap, ’n oomblik van stilte en donkerte. Jou lewe is deur Christus in God verborge, en dan ‘wanneer Christus, wat julle lewe is by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel’ (Kol. 3:4)” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 787).

Jesus vergelyk die toestand tussen die dood en die opstanding met slaap, d.w.s. met bewusteloosheid (*Joh. 11:11 en 14*). Hy beklemtoon egter ook die feit dat albei die geredde en verlore dooies eers hul beloning na die opstanding ontvang (*Joh. 5:28 en 29*). Jesus beklemtoon dus die noodsaaklikheid van gereed wees vir die dood, wanneer dit ’n mens ook al te beurt val.

Watter vertroosting put jy uit die wete dat jou geliefdes nou, inderdaad, in die graf rus?

Verbly Jul in die Heer

Een van die mees-gebruikte toeps op slimfone is Google Maps. Die meeste van ons kan skaars onthou hoe dit voor GPS-gebaseerde kaarte op selfone was. Hoewel 'n mens soms senuagtig is om na 'n onbekende plek toe te ry, het jy darem die nodige selfvertroue om danksy Google Maps en jou selfoon in die vreemde reg te kom. Is hierdie soort selfvertroue en die gemoedsrus wat dit bring, 'n goeie illustrasie van die tipe rus wat God ons deur sy profetiese skedule wil gee?

Soms sleutel 'n mens egter die verkeerde adres in. Ander kere ignoreer jy doelbewus die aanwysings, aangesien jy kwansuis 'n “beter roete” – 'n kortpad – ken. Hoe dit ook al sy, jy eindig by die verkeerde plek op, en dan geniet jy alles behalwe innerlike vrede.

Lees Filippense 4:4-6. Wat sê Paulus hier vir ons oor hoe 'n mens ware innerlike rus (en gemoedsrus) kan geniet, selfs te midde van 'n gejaagde wêreld met pyn?

In hierdie skrifgedeelte sê Paulus ons nie aan om, te midde van beproewing, bloot blymoedig te wees nie. Nee, Hy sê: “Verbly julle altyd in die *Here*” (*OAB*). In watter omstandige ons ons ook al bevind, watter beproewinge ons ook al in die gesig staar – as ons gedagtes by die *Here* is, en ons sy goedheid, sy liefde en sy kruisdood vir die mens bedink, kan ons ons wel in Hom verbly en innerlike rus vir ons gehawende psige vind.

Die blote strekking van hierdie teksverse suggereer rus, vrede en 'n allesoortreffende hoop op iets buite hierdie wêreld.

“Wees oor niks besorg nie” – stel jou voor watter tipe innerlike rus gelowiges sal smaak as ons inderdaad so moet leef. Dit blyk byna 'n onrealistiese verwagting vir engeen in hierdie ou wêreld te wees (selfs Paulus het baie bekommernisse gehad). Tog kan die wete dat 'n liefdevolle God wel aan die stuur is, en dat Hy ons sal red om in sy koninkryk te wees, 'n mens help om die dinge wat ons angstig maak in 'n ewige lig te sien.

“Die *Here* is naby” – wat beteken dit? Dat die *Here* altyd na-aan ons is. Dit beteken ook die volgende: dat sodra ons ons oë sluit en in die graf rus, en ons daar in die graf slaap, die volgende gewaarwording die wederkoms van Christus sal wees.

Die lewe is ongetwyfeld vol spanning, beproewing en stryd. Niemand kan dit vryspring nie, nóg die apostels nóg Paulus kon dit regkry (*lees 2 Kor. 11*). Die punt wat Paulus nietemin hier maak, is dat die gelowige, ten spyte van die dinge wat hy/sy op aarde moet deurmaak, hulle kan verbly in die seëninge wat hulle in en deur Christus ontvang het, en dat die gelowige inderdaad, in die teenswoordige wêreld, innerlike rus kan smaak.

Lees weer Filippense 4:4-6. Op watter maniere kan jy hierdie wonderlike woorde op jou eie lewe toepas, ongeag die beproewinge en probleme waarmee jy op die oomblik te kampe het?

Stof tot Nadenke: “Ons almal smag na onmiddellike en direkte gebedsverhoring, en ons gee ons so maklik aan wanhoop oor wanneer daardie verhoring lank vat of ’n onverwagse vorm aanneem. Die Here is egter te wys en te goedhartig om ons gebede altyd te verhoor op die presiese tyd en wyse wat ons wil hê. Hy doen meer vir ons, en doen dit op ’n beter wyse, as om bloot al ons wense toe te staan. Ons kan egter op sy wysheid en liefde vertrou, derhalwe behoort ons nie te vra dat Hy aan ons wil moet toegee nie. Ons behoort eerder na sy wil te vra en om daardie wil tot uitvoer te bring. Ons begeertes en belangstellings behoort in die teenwoordigheid van sy wil te verdwyn” (Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 219).

“Nog net ’n kort tydjie en dan kom Jesus om sy kinders te red en hulle onsterflikheid finaal te verwesenlik... Die grafte sal oopgaan en dié wat dood was, sal te voorskyn kom en triomfantelik uitroep: ‘Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?’ Geliefdes wat nou in Jesus rus, sal opstaan uit die dood en met onsterflikheid bekleed word” (Ellen G. White, *Counsels on Stewardship*, bl. 350).

Besprekingspunte:

- ① Bepens die groot stryd as ’n werklikheid. Hoe speel dit, jou insiens, in die wêreld af? Wat van in jou eie lewe? Dit is ’n werklikheid, nie waar nie? Dit is ’n groter werklikheid as wat baie mense in die Globale Noorde dink, aangesien baie mense daar nie in ’n letterlike duiwel glo nie. Hoekom is dié besef – dat die groot stryd ’n werklikheid is – so belangrik ten einde die toestand waarin die wêreld tans verkeer, beter te verstaan? Hoekom is dit besonder vertroostend om die wyse waarop hierdie groot stryd tot ’n einde gaan kom, reg te verstaan?
- ② As ’n mens meer uit profesie probeer haal as wat die Here aan ons geopenbaar het, kan dit jou op ’n dwaalspoor bring. Dink net aan al die kere wat lidmate al in die moeilikheid beland het, met die maak van voorspellings wat nooit bewaarheid is nie of deur te glo in andere se voorspellings wat nooit bewaarheid is nie. Hoe waak ’n mens teen hierdie slaggate op die geloofpad?
- ③ Hersien Openbaring 14:9-11 in klastyd, asook die vraag oor dié wat die dier en sy beeld aanbid, en nie innerlike rus het nie. Wat beteken dit moontlik?
- ④ ’n Kontroversiële onderwerp in eie geledere is die vraag of gelowiges wel ’n rol in die bespoediging van Jesus se wederkoms te speel het. Wat ’n mens se standpunt in dié verband ook al is, is die vraag net: hoekom is dit steeds baie belangrik om aktief by die verkondiging van die Adventboodskap aan die mensdom betrokke te wees?